# Woordvorming

***Basisvorm*** – die deel in die woord wat iets beteken, bv. boek; rak; knoop; hemp.

Basisvorm is die eenvoudigste vorm van die woord.

***Samestelling*** – dit is woorde wat uit 2 of meer basisvorme bestaan.

Bv. boek + rak = boekrak     riet + dak = rietdak

Ons plaas soms 'n verbindingsklank tussen die stamme soos bv.
Hemp + knoop = hemp**s**knoop     den + boom = den**ne**boom

***Voorvoegsel*** – as ons 'n woorddeel wat nie 'n basisvorm is nie, voor aan die basisvorm voeg.

Bv. **ont**ken;     **ge**kerf;     **ver**kleur

***Agtervoegsel*** – as ons 'n woorddeel wat nie 'n basisvorm is nie, na die basisvorm voeg.

Bv. Boek**e;**     vis**sie;**     bril**le**

1. <u>Onderstreep</u> die <u>basisvorm</u> van die volgende woorde met **rooi.**

a) Bemoedig

b) Erkenning

c) Verduideliking

d) Getrouheid

2. <u>Kleur</u> die <u>voorvoegsel</u> met **blou** in en die <u>agtervoegstel</u> met **groen** in.

a) Bemoedig

b) Erkenning

c) Verduideliking

d) Getrouheid

3. Voeg voor- of agtervoegsel by die woorde om nuwe woorde te vorm.

a) Moontlik :______________________

b) vriend:______________________

b) Wonder: ______________________

d) bou:______________________

4. Kies enige twee van die woorde en maak sinne sodat die betekenis duidelik is.

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

5. Voeg enige van die volgende woorde saam om ten minste nege samestellings te vorm.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **les** | **melk** | **siekte** | **kind** | **pap** | **laag** | **suutjies** | **lewe** |
| **blou** | **dronk** | **poeding** | **dier** | **blasie** | **trap** | **water** | **troetel** |

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________